

5 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35
Fokusgedeelte: Matteus 18:35

Vergewe as jy bevry wil word!

Die wêreld is vol mense wat seergemaak, uitgebuit, mishandel en te na gekom is. Ongelukkig is dit ook vol mense wat baie langer onder die onreg wat hulle aangedoen is, ly as wat nodig is. Die magsgreep wat iemand oor my gekry het deur my verskriklik seer te maak of te benadeel, kan verbreek word. 'n Mens hoef nie vir die res van jou lewe daaronder te ly nie. Dit hoef nie 'n permanente letsel te laat nie. God gee genadiglik vir ons 'n sleutel om uit hierdie donker tronk te ontkom.

Die sleutel is nie om wraak te neem nie. Die sleutel is ook nie om verbitterd of haatdraend te word nie. Die sleutel is ook nie om te vlug of om weg te kruip nie. Hierdie sleutel se naam is *vergifnis*. Vergewe ander omdat God jou vergewe het en jy is op die pad van verlossing! Deur iemand te vergewe vir die onreg wat hy jou aangedoen het, verbreek jy die mag wat hy oor jou gehad het!

Sing: Skrifberyming 28b

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)